

PREEK: 5 NOVEMBER

Teks: Hebr 11:7

Tema: Die doop waardeur julle nou gered word. (1 Petr 3:21)

Noag is die derde karakter wie se verhaal die Hebreërskrywer as voorbeeld gebruik om te verduidelik wat hy met geloof, soos gedefinieër in 11:1 bedoel: "**geloof is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van dit wat ons nie sien nie**". Toe God die vloedramp aankondig, het Noag nog geen teken daarvan gesien nie. Dit het in die verre toekoms (+-120 jaar later) gelê. Tog het hy onmiddelik aan die werk gespring en die ark in opdrag van God gebou. Hebr. 11:7 sê Noag het God "eerbiedig gehoorsaam". Sy gehoorsaamheid het vrug opgelewer. Hy en sy gesin is gered! Sy geloof was tegelyk 'n veroordeling van die wêreld en het hom erfgenaam gemaak van die vryspraak. In die breër konteks van die Bybel word op verskeie plekke na die Noagverhaal verwys. Sonder om op die problematiek van dié verhaal in te gaan, wil ons die lesse wat uit die Noag-verhaal te leer is, nagaan.

1. In Gen 6:5-7 lees ons dat God **bedroef** was omdat Hy die mens gemaak het. Teen Sy skeppingsdoel in het die mens net slegte dinge bedink (vs 5). Maar dan is daar 'n vonkel in God se betroue oë. Hy sien Noag. God se heilige toorn en sy genade kom in spel. Teenoor die korrumperte meerderheid staan die regverdige Noag (vs 9; 7:1). Hy was onberispelik (vs 9). En die rede vir Noag se andersheid? Die skrywer verduidelik dit. Noag het **naby God geleef** (vs 9). Soos Abel was hy in God se oë regverdig (Hebr 11:4) en het hy soos Henog met God gewandel (Gen 5: 21, 24). Ons het reeds by Henog se verhaal verduidelik dat "om met God te wandel"/ "om naby God te leef" God se skeppingsdoel met die mens was. Daarom sê Hebr 11:5 op voetspoor van die Septuagint (=Griekse vertaling van die OT): dié soort lewe is **soos God dit wou**. As jy naby iemand lewe (met hom/haar wandel), stel jy jouself bloot aan so 'n persoon se hart aan sy/haar denke, aan sy/haar manier van doen. Met verloop van tyd boots jy die persoon na. Ons ken dit in die huwelik en in die grootmaak van ons kinders. Vandaar die gesegde: aardjie na die vaartjie. So was dit ook met Noag. God was sy rolmodel en nie die mense saam wie hy geleef het nie. God eer gehoorsaamheid. Daarom spaar Hy Noag se lewe. Wat wil die skrywer van Gen 6 ons leer. Geloof is om seker te wees/oortuig te wees, soos Noag, dat die onsigbare God 'n werklikheid is. God bestaan. En dié God is 'n God wat met jou in 'n intieme verhouding wil lewe – 'n saam-stap verhouding. In die saam-stap met God leer jy Hom ken en vertrou. Dit is wat ware geloof is, sê die Heidelbergse kategismus: 'n **sekere kennis** en 'n **vaste vertrou** (Sondag 7 Vraag/Antwoord 21). Jy neem God op Sy woord. Sy belofte is jou vaste sekerheid en Sy opdragte voer jy met nougesette gehoorsaamheid uit. Dit het Noag gedemonstreer. Toe God die vloed aankondig, het hy nie daaraan getwyfel nie. En toe God hom beveel om die ark te bou, het hy dadelik aan die werk gespring.
2. **In die ark** was Noag en sy gesin veilig beskut teen die gevaarlike vloed. Buite die ark was die mensdom uitgelewer aan die dood. By Noag leer ons dat sy geloof wat tot gehoorsaamheid lei (=bou van ark), hom in 'n veilige omgewing, en ruimte van beskerming geplaas het. Teenoor die goddelose menigte wat uitgelewer was aan God se straffende en heilige toorn verkeer Noag binne die ark onder God se genade. Hy staan nie onder die oordeel nie. God het hom daarvan vrygespreek omdat hy naby God geleef het en geleef het soos God dit wou. In Rom 8:1 skryf Paulus: "daar is dus nou geen veroordeling meer vir dié wat **in Christus Jesus** is nie....." "In Christus" beteken dat jy **in** Christus glo...soos wat Noag in God geglo het. Wie in Christus glo, word gered sê Efes 2:8. En die redding is ook uit genade, want God gee

dit vir jou omdat jy in Christus glo en nie omdat jy self daarvoor gewerk het nie (Efe 2:8-9). Hoe het dit gebeur? Christus het uit liefde vir ons as sondears in ons plek God se oordeel aan die kruis op Hom geneem. Hy het gesterf om ons lewe te spaar. As ons dit in geloof aanvaar, word ons vrygespreek van God se oordeel. Om **"in die ark"** te wees is dieselfde as om **"in Christus"** te wees. Beide is die gevolg van geloof en beide is die ruimtes waar God uit genade beskerm en sy beloftes waarborg. Dit is soos Kol 3:2 sê: '...in Christus is ons lewe saam met Christus verborge in God', niks en niemand kan dit bedreig nie (Rom 8:37vv). Dit staan vas! En daarop is ons hoop gebou!

3. Lees ons nou wat Petrus in sy verwysing na Noag skryf, ontdek ons die verdere verrassing dat hy die doop in verband bring met die vloed. (1 Petr 3:18-22). Soos die vloed is die kruis God se oordeel oor die sonde. Soos die ark is Christus die "Ruimte" waar God se genade seëvier. Geloof plaas jou binne dié ruimte Petrus formuleer 'n verrassende stelling wanneer hy sê: die **doop, waardeur julle nou gered word**" (1 Petrus 3:21). Hoe werk dit dat die doop ons red? Geloof so het ons hierbo gesien, plaas Noag **"in die ark"** en geloof plaas ons **in Christus**". Wanneer ons nader ingaan op die doop vind ons verskillende betekenisse wat die Bybel daaraan gee. Ons noem dit kortliks:

- * Doop in die Naam van die Vader/Seun/Heilige Gees beteken dat God Drie-Enig Sy naam oor ons uitroep. Hy is ons Eienaar en besit ons. Ons staan onder sy bevel.
- * Doop ent my in op Christus soos wat 'n loot op 'n wynstok inge-ent word. Wat Christus het, word myne. Hy is die Een wat alles erf (Hebr. 1:2) In Hom deel ek in dié erfporisie (Hebr. 9:16vv; Rom 8:17).
- * Doop lyf ons in, in die geloofsgemeenskap. Om in Christus te wees, beteken dat ek saam met alle ander gelowiges deel is van sy liggaam.
- * My naam word genoem wanneer ek gedoop word. Dit beteken dat ek nie 'n nommer is nie, maar persoonlik deel in al die voorregte van Godse genade.
- * Doopwater is simbolies van dit wat Christus se bloed doen: dit wis uit, maak skoon, verwyder sonde ens.

Uit dié betekenisse van die doop verstaan ons wat Petrus bedoel as hy sê: " die doop red die dopeling. Dit is nie die doopwater op sy eie wat red nie. Dit is die Een na wie die doopwater wys en in wie ons glo. Daarom kwalifiseer Petrus onmiddelik dié stelling wanneer hy skryf: "die doop is nie 'n afwissing van die vuilheid van die liggaam nie, maar 'n bede tot God om 'n skoon gewete, en dit red julle op grond van die opstanding van Jesus Christus", "Bede" dui op 'n geloof-ingesteldheid. Die dopeling beroep hom gelowig op dit wat Jesus gedoen het. Soos die ark Noag van 'n vloeddood gered het, red Jesus ons van die ewige dood/oordeel. Die doop laat ons in die nuwe lewe van die opgestane Here Jesus deel. Wie dit verstaan, word oorweldig deur die grootheid van God se genade. Dié besef bring jou by dankbaarheid en eerbiedige gehoorsaamheid.

4. Noag se geloof het ook sy gesin tot voordeel gestrek. Deur sy geloof is sy gesin se lewens gespaar. Hier sien ons dat geloof, hoewel persoonlik ook kollektiewe impak het. Ons sien dit in Abraham se verhaal (Gen 12-24). Hy is die Vader van alle

gelowiges (Rom 4: 16) Ons sien dit in die gesprek van Abraham met God waar hy pleit vir Sodom se mense (Gen 18:23-33). Ons hoor dit in Jesus se bede aan die kruis (Luk 23:34). Ons hoor dit in Petrus se toespraak op Pinksterdag (Hand 2:39). Ons hoor dit in Paulus se brief aan die Korintiers (1 Kor 7:14). Dit beteken nie dat ek gered word op grond van enige iemand anders se geloof nie. Ek word immers slegs gered op grond van geloof in Christus. Maar gelowiges soos Noag, Abraham, en gelowige ouers skep die ruimte waar ek blootgestel word aan 'n genadige God in wie ek dan in navolging ook my geloof plaas. Wat 'n voorreg om jouself in sulke ruimtes te mag bevind. Ook dit is genade. Mag ons soos Paulus in 2 Kor 6:1 waarsku nie dié genadige voorregte tevergeefs ontvang nie. Mag ons soos Noag daarop reageer, deur eerbiedig gehoorsaam aan God te lewe.

AMEN